# DIE SWART LUIPERD

No. 33
Geheim van die
Groen Hel.



braam le roux

Die rooi vampier buk by sy slagoffer en die swarte skree wild en woes. Hy sien die tande van die dierasie wat tussen die rooi hare uitsteek, en hy sien die rooi oë wat soos kole vuur op hom gloei. Die dierasie kniel by hom en dan druk hy met sy groot hande die kop van die swarte plat. Die knieë is op die arme swarte se bors.

Die vuil-geel slagtande kom nader. Die swarte kan alles in die lig van 'n byna vol maan sien. Die twee tande sny soos messe deur sy keel. Hy voel hoe dit diep in sy nek ingedruk word. Een van die tande deurboor sy slagaar en dan is dit dat sy geskree 'n geroggel word.

Daar is 'n sterk suiggeluid en dan voel die verskrikte swarte duidelik hoe sy lewensap sy liggaam verlaat. Dit voel kompleet asof alle bloed uit sy kop, uit sy hele liggaam gedreineer word. Daar kom 'n lam gevoel oor hom en dan 'n eienaardige duiseligheid.

Stofomslag: Chris du Plooy

# DIE SWART LUIPERD

## No. 33
## Geheim van die Groen Hel.

75s

A.V.B. Uitgesluit



**braam le roux**

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Groen Hel | 3 |
| 2. | 'n Stem Bulder | 13 |
| 3. | Die Rooi Gedrog | 23 |
| 4. | Swart Bloed | 33 |
| 5. | Spore in die Sand | 42 |
| 6. | Slagting in die Nag | 52 |
| 7. | Tande van die Vampier | 61 |
| 8. | Fees vir die Bloedsuiers | 70 |
| 9. | Die Donker Dood | 79 |
| 10. | En Agter Die Berge | 88 |


Hoofstuk 1

# DIE GROEN HEL

,,Hier voor julle is die see van bosse, etlike kilometers lank. Soos die voël vlieg, seker vyf-en-sewentig kilometer in die breedte, en waar die groen see ophou, lê die berge waarin julle belang stel. Kyk goed daarna deur julle verkykers, Here, dan kan ons verder praat.''

Maj. Jack Kolbe, swart kommissaris in hierdie uithoek van Oos-Afrika, gaan sit op 'n hoë rots en beskou die twee manne wat nou met hulle verkykers voor hulle oë die wêreld staan en bespied. Die een man is kort, maar stewig gebou. Daar is al grys hare langs sy slape en sy skerp blou oë fonkel lewendig. Die ander een is lank en skraal en veel jonger, met bruin oë wat telkens op skrefies trek wanneer hy die ylbloute van die verre berge besigtig.

Hier van die klipkoppie af tuur hulle oor 'n verruklike panorama. Die bosse wuif voor hulle uit soos groen gras, groen gras vir reuse. Hier vlak by hulle onder die koppie galop die wind oor die boomtoppe heen en veroorsaak groen golwe, kompleet asof dit maar net grashalms is wat deur die wind in beroering gebring word.

Dr. Siegmund Tromp, die man met die grys hare en die kort postuur, hou sy verkyker steeds voor sy oë. Dit is asof hy nie kan wegkyk nie. Die oerwoud lê groots en majestueus hier voor hom. Dit is asof hy na 'n reuse-doek waarvoor die kwas kwistig gebruik is, staar. Sy blou oë is op die dowwe, dynserige berge daar op die horison gerig, groot genade bergformasies wat agter die groen bosse uitskiet die helder bloute van die lug in. En so helder is die kleure daar waar donkergroen, blou en vaalgrys bymekaar kom, dat dit vir dr. Tromp voel asof die spel van kleure sy oë seer maak.

,,Die oerwoud hier voor julle heet die Groen Hel. So heet dit as die naam direk uit die taal van die Kikoejoe vertaal word. Die getande berge word die Berge van die Draak genoem. Deur die vyf-en-sewentig kilometer van groen bosse sal julle kom, as julle taai genoeg is en die byna ondraaglike hitte en die vlieë en muskiete

kan trotseer. Ek neem aan dat julle goed gewapen is om die aanvalle van wilde diere die hoof te bied. Daar is groot leeus—nêrens word 'n maanhaar so groot as in hierdie Groen Hel nie. Daar is olifante, die rooi gorilla, enig van sy soort in die wêreld. Sommige dierkundiges meen dat hy nie inheems is nie, maar moontlik op die een of ander manier hier in die oerwoud ingevoer is. Nou ja, soos ek sê," praat maj. Kolbe terwyl die twee mans by hom die omgewing nog steeds deur die sterk lense van hulle verkykers bespied, ,,soos ek gesê het, met moed en volharding sal julle deur die Groen Hel kom, maar die vraag is of julle ooit oor daardie getande rotsformasies sal kan kom."

Dr. Siegmund Tromp laat sak sy verkyker. Sy lang maat langs hom doen dieselfde en vir 'n oomblik kyk hulle swygend na mekaar, want hulle het geen woorde vir die mooi natuurskoon wat hulle nou flussies deur hulle lense bespied het nie.

,,Dit is wonderlik, nie waar nie, dr. De Wet?" vra Tromp met bewondering in sy stem.

,,Ja," antwoord die lang dr. Septimus de Wet. ,,As ek die Groen Hel hier voor my so sien, lok dit my. . . om nie te praat van die Berge van die Draak nie."

,,Dit is ook soos ek voel, De Wet. Dit is ook soos ek voel. Geen gevaar gaan my keer nie. Ek gaan deur en anderkant daardie berge van die Draak, weet ek, lê vir ons wondere, argeologiese wondere, opgesluit."

Maj. Kolbe lag breed.

,,Ek ken die weetgierigheid van geleerdes, wetenskaplike navorsers. Ek weet hulle het meer moed as 'n grootwildjagter, maar ek sê julle, ek sou graag wil sien dat julle nie deurgaan met hierdie onderneming nie. Om die waarheid te sê twyfel ek persoonlik of julle ooit sal terugkeer as julle gaan."

Die twee geleerdes sien dadelik dat die majoor ernstig is. Hulle kyk weer na mekaar en dan sê dr. De Wet:

,,Jou woorde maak my nog nuuskieriger, Majoor. 'n Navorser stel belang in die onbekende, in die ongerepte, in dit wag nog 'n geheim is. Ons taak is om geheime op te los, om dit bloot te lê, en





dit lyk asof die Groen Hel 'n wêreld van geheime huisves."

,,Dit is waar," glimlag die Majoor. ,,Die Groen Hel het sy geheime, te oordeel volgens die duisende legendes wat daarvandaan afkomstig is. Sover ons weet, leef daar geen mens in die Groen Hel nie, en wat anderkant die Berge van die Draak lê, is vir ons totaal onbekend. Van tyd tot tyd kom ons ou inboorlinge teen wat beweer dat dit die tuiste van mensvreters is; ander praat van drake wat daar woon. Oor die Groen Hel het hulle ook baie te vertel. Die inboorlinge vermy die plek soos die dood. As iemand wat sleg geleef het, doodgaan, word sy gees na die Groen Hel verplaas. Die inboorlinge praat van leeus wat enorm is, van die rooi gorillas wat van mensvleis leef as hulle dit kan kry."

,,As wetenskaplikes maak u ons baie nuuskierig, Majoor, baie. . Hoe kan julle toelaat dat al hierdie verhale oor die Berge van die Draak en die Groen Hel versprei word, sonder om te gaan ondersoek instel of dit alles so is?"

Dit is dr. Siegmund Tromp wat hierdie reguit vraag stel. Maj. Jack Kolbe lag weer goedig.

,,Ek en die koloniale owerheid is maar te bly dat hierdie afskrikstories onder die inboorlinge in omloop is, want die area wat ons moet beheer, is so groot dat ons bly is dat die Groen Hel en die Berge van die Draak die inboorlinge so afskrik dat hulle nie daar gaan woon nie. Duisende inboorlinge gaan jaarliks reeds dood as gevolg van epidemies en hongersnood, en ons worstel om die bewoonde dele van gesondheidsdienste te voorsien. Hoe kan ons dan sleg voel omdat die Groen Hel en die Berge van die Draak vir die inboorlinge taboe is? Ek dank die hemele vir daardie taboe. Nee, ons kan nie toelaat dat hulle versprei en uitbrei nie. Laat hulle in die bewoonde gebiede bly. Soos dit is, het ons reeds werk tot oor ons ore."

Dr. De Wet kyk weer deur sy verkyker. Hy hou nou 'n klompie groot voëls dop wat in die lug rondsirkel. Dit is groot voëls met spierwit borsvere. Deur sy verkyker lyk dit vir dr. De Wet soos 'n soort aasvoël, maar net veel groter as die aasvoëls wat hy in Suid—Afrika ken.

,,Wil jy vir ons vertel, Majoor,'' begin Dr. Tromp weer, ,,dat geen witman al ooit nuuskierig genoeg was om die Groen Hel binne te trek en 'n bietjie ontdekkingswerk te doen nie?''

,,Nee, dit sal ek nie sê nie. By twee geleenthede was daar manne wat die Groen Hel binnegetrek het. Dit was twee jaar gelede, in 1924. Dit was twee wit jagters met tien swart-draers. Geen enkele een van hulle het teruggekom nie. 'n Ekspedisie is op die been gebring om na hulle te gaan soek, 'n maand nadat hulle verdwyn het. Binne twee dae was die ekspedisie terug—in 'n verskriklike gehawende toestand. Twee van hulle draers is deur die rooi gorillas verslind. Die leier van die ekspedisie was 'n maand lank in die hospitaal en in sy deurmekaar toestand het hy net altyd geprewel: 'Keer die Groen Duiwels! Keer hulle! Hulle verslind ons!' Ek sê dit nie om julle af te skrik nie, om julle met vrese en bewinge te vervul nie, maar die leier is Engeland toe gestuur waar hy tans nog in 'n kranksinnige gestig verkeer. Een van die ander wat die ekspedisie meegemaak het, het in die kroeë van Nairobi van monsteragtige slange vertel, van die mensvretende gorillas, van die groot leeus en ook van die Groen Duiwels, wat glo half mens, half dier moet wees. Daar het julle dit.''

Dr. Tromp lag sag.

,,Groen Duiwels. . . Groen Duiwels. . . Het hierdie mense nie dalk aan gesigsbegogelinge gely nie? Was dit nie dors en honger en vrees wat hulle dinge laat sien het wat hulle anders nooit sou gesien het nie?''

Die majoor haal sy skouers op.

,,Dit kan ek jou nie sê nie. Ek kan net sê dat ek nie nuuskierig genoeg is om te gaan uitvind nie.''

,,En ná hierdie ekspedisie was daar nooit weer iemand wat die Groen Hel wou binnetrek nie?'' vra dr. Septimus de Wet met 'n glimlag.

,,Nee. . . nee, daar was nie, maar daar word gesê dat net een man, as hy 'n man genoem kan word, weet wat in die hartjie van die Groen Hel aan die gang is, net een man weet watter geheime die Groen Hel bewaar.''





Die twee geleerdes kyk die majoor vraend aan.

,,Jy praat nou effens raaiselagtig, Majoor,'' sê dr. Tromp. ,,Hoe bedoel jy. . . as hierdie kêrel 'n man is? Wie of wat is hy?''

,,Die man wat die Groen Hel al binnegetrek het en lewendig weer teruggekeer het, is die Luiperdman, die Gees van die Bosse of die Wilde Man, soos sommige hom noem.''

Dr. Tromp se mond gaan oop.

,,Luiperdman? Wilde Man? Is dit een van die kinders van die Groen Hel? Een van sy inwoners?''

Maj. Kolbe skud sy kop.

,,Nee, nee, ek weet nie wat hy is nie of wie hy is nie. Ek weet ook nie of hy ook maar net 'n legende is nie. Die inboorlinge vertel egter dat hulle hom al gesien het. Hulle beskou hom as 'n soort leier uit 'n ander wêreld. My voorganger het hom glo gesien, maar ou Tommy Atkins, die vorige swart kommissaris, het baie whisky gedrink en dit mag wees dat mens alles wat hy te sê gehad het, saam met 'n sak sout moes verorber.''

,,Maar. . . maar,'' kom dit nuuskuurig van Sep de Wet, ,,hierdie Luiperdman, hoe sê hulle hoe lyk hy?''

,,Hy het die onderlyf van 'n frisgeboude man,'' lag Kolbe, ,,en die kop van 'n swart luiperd, 'n tier.''

Daar is 'n paar oomblikke van absolute stilte. Tussen die groen bosse waar die Groen Hel begin, kras 'n paar kakaders en bo in die lug sirkel die reuse-aasvoëls nog steeds geluidloos rond.

,,Al hierdie dinge wat u aan ons vertel, laat ons oorloop van nuuskierigheid en dit maak my nog meer vasbeslote om met hierdie ekspedisie voort te gaan, Majoor. Dink net, as die stories waar moet wees in verband met die Groen Hel, wat 'n wêreld van ontdekkings kan ons nie namens die wetenskap maak nie!'' roep dr. Siegmund Tromp uit.

Weer heers daar 'n hele ruk lank stilte. Dit is die majoor wat die eerste weer iets te sê het.

,,Wel, julle weet nou min of meer watter staaltjies daar oor die Groen Hel en die Berge van die Draak in omloop is. Nou kan julle my op julle beurt presies inlig oor die aard van julle besoek aan

hierdie onbewoonde, donker deel van Afrika. Al wat ek weet, is dat julle argeoloë is wat aanbevelingsbriewe van twee regerings het om navorsingswerk in die oerwoud te kom doen. Ek weet verder dat die aanbevelingsbriewe duidelik beklemtoon dat ek julle vrye teuels moet gee en alle hulp. Ek kan julle dus nie keer as julle nou die Groen Hel wil binnetrek nie, maar ek kan eis om te weet watter besigheid julle in die Groen Hel en anderkant die Berge van die Draak het.''

Dit is dr. Siegmund Tromp wat antwoord:

,,Maar natuurlik het ons niks weg te steek nie. Ons belangstelling in die Groen Hel, maar hoofsaaklik in die Berge van die Draak, is bloot wetenskaplik. As ons die Berge van die Draak kan bereik en hulle hoogtes kan verower om te sien wat daaragter lê, sal dit 'n groot bydrae tot die wetenskap wees en in besonder tot die argeologie. Ek en twee professore van 'n Suid-Afrikaanse universiteit het verlede jaar per vliegtuig oor hierdie gebied gereis. Ons het oor die Berge van die Draak gevlieg en met verrukking na die groot kom gekyk wat agter daardie berge lê. Ons het geweet dat dit onbewoonde gebied was en dat daar sogenaamd nog geen mens daardie kom betree het nie, maar tog. . . tog het ons, toe ons laer gesak het, ruïnes ontdek, eienaardige ruïnes. Ons het onder meer 'n koepelvormige gebou teen die hang van 'n berg gesien. Dit het ons dadelik laat dink aan die ruïnes wat in Persië en Egipte ontdek is. Ons het geen mense gesien nie. Dit wil dus voorkom asof die ruïnes oorblyfsels van 'n ou vergane volk is. Ons kon die vliegtuig nie laer laat sak nie, want die masjien het volgens tydskedule gery en dit was die eiendom van die Suid-Afrikaanse Lugdiens. Ons het, met ons terugkoms, die moontlikheid bespreek om die gebied weer per vliegtuig te besoek en te land, maar dit was onmoontlik. As ons 'n vliegtuig sou kry, sou die koste verbonde aan die onderneming te hoog gewees het. Ons het toe fondse probeer kry om hierdie ekspedisie oor land te onderneem, en hier is ons, behoorlik uitgerus. Dr. De Wet en ek ontvang vir hierdie ekspedisie geldelike steun van die regering. Die ander fondse het ons van die publiek verkry. Op die brief van aanbeveling het u seker gesien dat ons





ekspedisie uit ons twee, 'n grootwildjagter Corrie Buys, 'n joernalis, Hans Marais, 'n geneesheer Ben Otto en agt Suid-Afrikaanse swartes bestaan. Ons het dus vir ons eie draers gesorg.''

Die Majoor staan so 'n oomblik en nadink.

,,Julle lyk uitstekend toegerus, moet ek sê, maar waar kry julle 'n gids?''

,,Ons het natuurlik gehoop om hier een te kry, maar aangesien u nou sê dat geen inboorling dit in daardie gebied waag nie, het ons geen gids nodig nie, want niemand ken die Groen Hel beter as ons nie. Is dit korrek?''

Die majoor draai aan sy snor.

,,U het heeltemal gelyk, Doktor, maar ek wens nog dat u hierdie hele spulletjie wil laat vaar.''

,,Maar die Groen Hel kan nie vir altyd onondekte gebied bly nie. As ons hom nie verken nie, sal andere ná ons dit aanpak. En ons wil graag die eerste wees, Majoor. Onthou wat die Bybel ons leer: Niks sal verberg bly wat nie geopenbaar sal word nie, of so iets.''

Die majoor dink 'n oomblik na.

,,Julle besef natuurlik dat julle op julle eie risiko gaan.''

,,Natuurlik. . . en die Suid-Afrikaanse Regering besef dit ook. En glo my, Majoor, as ons nie weer terugkom nie, is dit nie vir u nodig om 'n soekgeselskap te organiseer nie. U moet nie daartoe verplig voel nie,'' verseker dr. Tromp die swart kommissaris.

,,Nou ja,'' antwoord die majoor nadenkend, ,,as julle nie wil hoor nie, moet julle gaan. Maar ek sou tog as ek julle was. . . wel, probeer om met die Luiperdman in verbinding te tree. As hy bestaan, ken hy die Groen Hel en sy legio strikke.''

Albei die geleerdes lag.

,,Dankie, Majoor, maar ons wil tog nie gaan soek na 'n persoon wat slegs in die verbeelding van die primitiewe inboorlinge bestaan nie.''

Vir laas kyk die drie nou na die magtige landskap aan hulle voete. Die twee geleerdes is opgewonde en haastig om die Groen Hel aan te durf en dan die Berge van die Draak te bereik en oor te

loer na die anderkant waar nuwe ervarings en ontdekkings op hulle wag.

Ná 'n rukkie het hulle weer teen die koppie afgestap na die majoor se houtkantoortjie hier aan die rand van die Groen Hel.

,,Wel, liewer julle as ek, Menere. Ek het altyd gehoor dat die Afrikaanssprekendes van Suid-Afrika vol durf en moed is, maar ek dink hierdie keer is julle net effens domastrant daarby. Ek weet nie wat hier in die groen bosse vir julle wag nie, maar ek het 'n voorgevoel dat dit nie aangename dinge gaan wees nie.''

,,Ons sal jou deeglik inlig oor ons wedervarings, Majoor, wanneer ons terugkom,'' is die lighartige antwoord van Siegmund Tromp.

,,En onthou, Majoor, ons sê nie as ons terugkom nie, ons sê wanneer. So oortuig is ons dat ons met groot nuus gaan terugkeer,'' las dr. Sep de Wet by.

,,Julle het my seën op hierdie ekspedisie en ek hoop dat julle een van die dae weer hier saam met my sal sit en koffie drink—spesiaal koffie, want ek verstaan julle Suid-Afrikaners hou nie van tee nie.''

Voordat die twee geleerdes die kantoor van die swart kommissaris verlaat, word daar eers weer koffie geskink en al geselsend gedrink.

Toe Siegmund Tromp en Sep de Wet by hulle kampeerplek, tien kilometer van die rand van die Groen Hel aankom, is dit reeds vieruur in die middag. Die twee is egter besonder opgewek, en die joernalis, Hans Marais, is die eerste by om vrae te vra.

,,Hoe lyk dit, wanneer versit ons?''

,,Môre douvoordag,'' antwoord Dr. Tromp opgewek.

Binne enkele oomblikke sit die vyf blankes van die ekspedisie voor hulle tent en gesels. Dr. Tromp vertel haarfyn van die bygelowe wat daar bestaan in verband met die Groen Hel en die Berge van die Draak.

,,Ek wens party van daardie dinge is waar, soos byvoorbeeld die Groen Duiwels. Dink net watter opskudding 'n foto van een van hierdie Groen Duiwels in Johannesburg sal veroorsaak,'' kom dit opgewonde van Hans Marais.





,,Moenie dat jou verbeelding met jou op hol gaan nie, Hans,'' waarsku Tromp. ,,Ons moet die taak van die ekspedisie nie onderskat nie. Afgesien van die moontlikheid van Groen Duiwels sal ons swaar genoeg kry. Ek dink daar sal volop muskiete en stekende vlieë wees. In elk geval moet ons vroeg na bed en vroeg op. Kry die swartes bymekaar, Corrie. Laat ons hulle inlig oor ons planne, maar ons beter maar niks sê van die stories wat hier rondlê nie.''

Toe die oggendster die volgende dag laag in die ooste skitter, is die ekspedisie gereed om te gaan. Heel voor is dr. Tromp op die rug van sy muil en onmiddellik agter hom volg die grootwildjagter, Corrie Buys. Dan volg die geneesheer, dr. Ben Otto. Ná hom volg die swartes op hulle muile, en heel laaste sit dr. Sep de Wet en die joernalis, Hans Marais, op hulle rydiere.

Toe hulle reeds 'n hele end deur die bosse beweeg het, is Hans se kommentaar:

,,Hierdie muile is soos donkies. Sal ons ooit daar anderkant uitkom?''

,,Dit is te laat om jou nou daaroor te bekommer,'' terg Sep terug, en hulle ry in die vroeë oggendure vir etlike minute stil deur die bosse.

Die vyf witmanne het elkeen hul geweer oor die skouer en party het ook nog 'n rewolwer of 'n mes aan die sy. Die swartes is gewapen met egte Zoeloe-assegaaie.

Toe hulle ses kilometer van die kamp af is, begin dit al vinnig lig word, maar dit is 'n skemerte wat nog maar baie bedrieglik is. Nou is dit egter ook asof die swartes senuweeagtig begin word, want hulle begin 'n ou vergete Zoeloellied neurie, en Hans Marais voel lus om saam te sing, want ook hy het gehoor hoe dat die oerwoud voor hulle ontwaak. Dit was die aaklige geskree van 'n aap of 'n ding, want die kreet was byna menslik, en af en toe was daar ook die gebrul van 'n leeu. Maar noudat die tien swartes neurie en sing, nou hoor hy daardie geluide nie meer nie.

Hulle trek ten noorde van die kommissaris se houthuisie verby en Tromp meen dat dit nie nodig is om daar aan te gaan nie.